

# DIE SKIETLOOD



## Sektes en bewegings.

In die eerste November uitgawe van die e-Hervormer noem dr W van Wyk die onafhanklike sH-gemeentes kettters. In reaksie daarop het 'n hele aantal ander Protestantse kerke geantwoord dat sH by hulle welkom is en dat die NHKA eerder kettters is in hulle optrede. Wat is die letter van elke ketter? Koeëlvass Karel het by ds FJC (Frans) Oosthuizen gaan kers opsteek na aanleiding van die nuutste belediging wat sH-lidmate toegesnou word. Hy berig:

Dr Wouter van Wyk skryf in die e-Hervormer van 1 November 2012 dat daar duidelik gesê moet word dat die Kerkorde nie voorsiening maak vir "onafhanklike gemeentes" nie, en dat lidmate wat so 'n besluit neem, hulleself van die Hervormde Kerk afsny. Maar meer nog: Die steeds-Hervormers sny hulleself (volgens hom) nie net van die Hervormde Kerk af nie, maar ook van ander Reformatoriese kerke in die wêreld. Volgens hom isoleer hulle hulself sektaries: "net hulle het die waarheid, alle ander Christene in die wêreld wat nie presies soos hulle bely nie, dwaal".

Dit sou baie insiggewend wees indien dr Van Wyk meer lig op die volgende twee sake kon werp. Eerstens, hoe hy 'n kerk sou beskryf wat besluite by monde van 'n bykomende vergadering neem, terwyl dit strydig met die Skrif en die Belydenis is - die Skrif en Belydenis wat wêreldwyd deur alle Protestantse kerke geglo en bely word. Die Skrif en Belydenis wat juis die *eenheid* tussen alle gemeentes en kerke van Jesus

Christus is, sodat hulle almal (van watter aard ook al) Sondag vir Sondag kan bely: "...ons glo aan 'n algemene, Christelike kerk ...". Tweedens, hoe hy, dr Van Wyk, 'n sekte sou definieer.

Die definisie van 'n sekte is soos volg deur die Algemene Kerkvergadering van die NHKA in 1970 verwoord:

**'n Sekte is 'n godsdienstige gemeenskap wat oor een of ander leerstuk afskei van die kerk, die bepaalde leerstuk tot 'n voorwaarde vir die saligheid verhef, en hulle eie geloofsgemeenskap as die enige ware kerk van die Here op die aarde beskou.**

Insgelyks noem MW Pretorius die volgende as kenmerke van 'n sekte:

**'n Sekte is 'n godsdienstige groep wat op een of meer punte radikaal verskil met die belydenis en die praktyk van die kerk. Met belydenis word die normatiewe leer van die kerk bedoel, byvoorbeeld die leer oor Jesus Christus as waaragtige God en mens, die opgestane Here van die wêreld. Onder die praktyk van die kerk word onder meer die ordelike samekoms van die gemeente en die bediening van die sakramente volgens die instelling van Christus verstaan.**

**Verder is 'n sekte 'n groep mense wat hulle rondom 'n spesifieke persoon of dié persoon se uitleg van die Bybel, skaar. So volg die Jehova se Getuies byvoorbeeld, die persone van Charles T. Russel en J. F. Rutherford. Dit is belangrik om**

daarop te let dat die geskrifte van hierdie persone vir hulle eintlik baie meer gewig dra as die Bybel self. In baie gevalle het die skrywers hulle idees deur 'n sogenaamde persoonlike goddelike openbaring ontvang.

'n Ander kenmerk van 'n sekte is eksklusiwiteit. Dit wil sê die lede van hulle bepaalde groep, is die ware Christene wat alleen die heil en die saligheid deelagtig is. Die kerk en ander mense wat nie soos hulle dink nie, word radikaal uitgesluit uit die Koninkryk. Op grond van die feit dat hulle hulleself as die eksklusiewe groep beskou, maak hulle hul altyd los van die bestaande kerk. Hulle is in hierdie opsig in die letterlike betekenis van die woord sektes - skeurmakers.

By sektes word minder belangrike waarhede tot die grootste belangrikheid verhef. Die Jehova se Getuies heg byvoorbeeld so 'n waarde aan die deur-tot-deur getuienis, dat dit vir hulle die weg tot redding geword het, eerder as 'n lewende geloof in Jesus Christus. So is byvoorbeeld die geloof in die Saligmaker by die Sewendedag Adventiste heeltemal verdring deur die eis om die sabbat op die sewende dag te hou.

By sektes is daar 'n strewe na perfeksonisme. Die lede van die sektes gaan daarvan uit dat hulle beter en heiliger mense is as die lede van kerke en ander groepe. Die besef van sonde speel feitlik geen rol nie.

Dit moet nooit vergeet word nie dat sektes meesters is om tekste uit hulle verband uit te lig, sonder die nodige aandag vir die reëls van 'n taal (*in hierdie geval Hebreeus en Grieks*), of die beginsels van Bybeluitleg.

Die Waarheid waaraan 'n algemene, Christelike kerk moet vashou om kerk in sy volle omvang te wees, al staan jy stoksielalleen in hierdie wêreld is naamlik:

**Wanneer van 'n gegronde geloof gepraat word, bedoel ons geloof gegrond in die kruis en opstanding van ons Here, Jesus Christus soos deur die apostels in die Nuwe Testament aan ons oorgedra. Daar kan geen ander grond wees as die geskiedenis van Jesus Christus nie. Ons verwagting vir die toekoms is daarom onlosmaaklik en onskeibaar gebou op, en gegrond in die geskiedenis wat deur die evangeliste en apostels in die Nuwe Testament aan ons vertel is, en daarom in Jesus Christus self. Daaraan kan niks toegevoeg of kan niks mee weggedoen word nie. Hiernaas is daar géén ander openbaringsbron van watter aard ook al nie. Ons ontken enige ander openbaring wat deur die Gees van God aan persone gegee sou wees, en wys dit af as leuens en geestelike hoogmoed - as 'n sonde teen die Heilige Gees.**

**Met Christus het die einde van die tyd aangebreek.**

**Die betekenis is tweërlei: Christus het die werk van God volbring; deur die versoening met sy kruisdood het Hy 'n grens gestel aan die mag van die sonde, wat in sy worsteling teen God's**

geregtigheid, die loop van die geskiedenis van mens en wêreld wil bepaal. As die opgestane Heer is Hy die Verborgene en het die voleinding nog nie aangebreek nie, daarom kan Hy alleen in die geloof aangeneem word.

Die liggaamlike opstanding van Jesus Christus is die vaste punt, die bergspits vanwaar die gelowige vooruitsien oor die vallei van die dood na sy eie opstanding uit die dode en na die ewige lewe. Aan hierdie Bybelse waarheid mag niks afgedoen word nie. Dit mag ook nie anders uitgelê word waardeur dit 'n ander betekenis kry nie. Aan die belydenis van Jesus Christus as gekruisigde en opgestane Here hang ons hele saligheid.

*As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word (Rom. 10:9).*

Deur die evangelie van die opstanding van Jesus Christus is die opstanding van ons vlees die inhoud van ons hoop en verwagting.

Omdat Christus die lewende en opgestane Here is wat opgevaar het na die hemel, sal Hy weer kom om te oordeel oor die lewende en die dode. Ons verwagting vir die toekoms word dus verder bepaal deur die wederkoms van die Here: die openbaring van die heerlijkheid van die Koninkryk van God. Met die belydenis van die wederkoms van Christus word uitgedruk dat die voleinding van alle dinge nie gesien mag word as interne ontwikkeling van die kragte van die geskiedenis of op grond

van die werke en getrouheid van mense nie, maar as 'n daad van God. Van die uur van voleinding weet niemand nie, behalwe die Vader, en van die vorm waarin die oordeel hom sal voltrek, geld dieselfde.

Eerstens is die voleinding die oordeel van God in en deur Jesus Christus; dit is die oorwinning van God se geregtigheid, wat die ewige verbond van God met sy gelowiges inhou.

Tweedens geld dit die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon: dit wil sê dat die mens geplaas word in 'n wêreldorde waarin hy, versoen met God, sal deel in die ewige saligheid. Die stryd sal verby wees.

Derdens hou dit in dat dit die sigbare koningskap van Christus sal beteken.

Vierdens val die nadruk op die opstanding uit die dode in ooreenstemming met die opstanding van Christus die Eersteling: geestelik en liggaamlik, wat 'n vernuwing van die mens, in geheel, beteken.

Sover my kennis strek het geen steeds-Hervormer-vergadering hom daarop beroep dat hy en hy alleen oor die Waarheid beskik nie. Net so ten opsigte van die gemeentes wat reeds onafhanklik van die NHKA gegaan het. Van die begin af het die *beswaardes*, later *die steeds-Hervormers*, hulle bly beroep op die Skrif as Woord van God, en die Belydenis in sy volle omvang. Kyk ons na Ordereël 1 van die huidige Kerkorde, bly die vraag naamlik: *Wie het*

*begin om die Woord en die Belydenis uit te daag?*

Die antwoord is naamlik dié mense wat boeke en artikels geskryf het, uitsprake gemaak het, wat onder andere die tweenature leer omtrent Jesus Christus ontken - en dié mense wat sodaniges binne die NHKA, ten koste van die *algemene Christelike kerk*, beskerm. Dr Wouter van Wyk moet asseblief maar oor hierdie saak, as 'n *gelowige*, gaan nadink.

**Geneem uit SEKTE KENMERKE deur  
DIE RAAD VIR SEKTEWESE 1973  
ds FJC Oosthuizen**